

Die Seun: Ons Leidsman tot verlossing

Heb 2:5-13

6 Maart 2022

1. Heb 2:1-4: Gryp soveel kragtiger vas aan wat julle gehoor het
2. Heb 2:5 begin met “want” (OAV) – voortsetting van Heb 1:14: engele is dienende geeste, nie heersende geeste nie
3. Moontlike argument: As die Seun mens geword het, hef hierdie vernedering nie Sy verhewendheid op nie? Heb 2:5-13 gee die antwoord hierop
4. Vers 5: Engele sal nie eens in toekomstige wêreld heers nie (Toekomstige wêreld = nuwe hemel en aarde, ook die mate waarin gelowiges dit tans reeds beleef)
5. Vers 6-8a: Wie gaan dan heers as dit nie die engele is nie?
 - a. Aanhaling van Ps 8:5-7
 - i. Dawid is in verwondering voor die Here oor die skepping (Ps 8:1-4, 10)
 - ii. Die mens lyk in vergelyking so nietig: Wat is die mens?
 - iii. Die mens het unieke posisie: God dink aan die mens, sien na hom om, het hom vir ‘n tydjie bietjie minder as engele gemaak, met eer en heerlijkheid gekroon – en laat hom heers oor alles! (vgl Gen 1:26)
6. Vers 8b: Daar is ‘n probleem: Ons sien nie dat die mens heers nie!
7. Vers 9: Maar ons sien Jesus!
 - a. Jesus is die Naam wat die Seun ontvang het toe Hy mens geword het
 - b. As mens, was Hy ook kort tydjie minder as die engele
 - c. Dryfveer hier agter is God se genade
 - d. A.g.v. Sy lyding en sterwe is Hy met eer en heerlijkheid gekroon – en nou heers Hy!
8. Vers 10: Leidsman tot verlossing
 - a. God is Skepper van alles
 - b. Doel met skepping: God wil baie kinders tot heerlijkheid lei
 - c. Die mens mis egter God se doel met hulle
 - d. Hulle Leidsman/Pionier stry die pad oop vir hulle – tot by heerskappy in heerlijkheid
 - e. Hulle kan Hom volg tot in heerlijkheid en heerskappy
 - f. Leidsman word volmaak deur lyding: Hy word volmaak deur gehoorsaamheid te demonstreer, deur assosiasie met mense te demonstreer, deur volmaakte Verlosser te word
9. Vers 11-13: Resultaat van die werk van die Leidsman
 - a. Eenheid van gelowiges met die Leidsman en die Vader
 - b. Die Leidsman is nie skaam om hulle as Sy broers te erken nie (vgl Ps 22:23)
 - c. Gelowiges is ook kinders van God (vgl Jes 8:17-18)
10. Opsommend
 - a. Menswording van die Seun hef nie Sy verhewendheid op nie – Hy was net vir ‘n kort tydjie minder verhewe as die engele
 - b. Toe die mens sy skeppingsdoel gemis het, en nie geheers het oor die skepping soos God beveel het nie, het God die Leidsman tot verlossing as mens gestuur om deur lyding heen die pad oop te stry totdat Hy in heerlijkheid op die troon gaan sit het om te heers as (God en) Mens– nou kan Sy broers Hom volg en saam met Hom regeer, soos God se doel van die begin af was.